

Sondag 21 September

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-16

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:7-16

Die groeiproses na 'n volwasse gemeente

Die apostel Paulus beskryf hier die groeiproses na 'n volwasse gemeente. Die hele proses begin by Christus EN dit eindig ook by Christus deurdat die gemeente 'n spieëlbeeld van Christus word. Hier kom vier aksies na vore:

- CHRISTUS GEE AAN ONS GENADEGAWES! Na sy hemelvaart sit Christus as Oorwinnaar aan die regterhand van God en deel Hy deur sy Gees gawes aan sy kerk uit. Christus gee aan die kerkleiers spesiale gawes...
- "... OM DIE GELOWIGES TOE TE RUS". As die gawes in 'n gemeente by die besondere dienste vasval, dan stop en stol kerkgroei in 'n klomp strukture. Die kerkleiers moet die gemeente toerus en lei, sodat elke lidmaat kan wees en doen dit wat Christus van hom/haar verwag. As die kerkleiers alles self wil doen, dan is hulle hindernisse vir Christus en sy Gees. Ons moet elke lidmaat lei tot sy/haar ...
- ... "DIENS EN VIR DIE OPBOU VAN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS." Elke lidmaat bou die gemeente op deur mense daar buite te lei tot die ware "kennis van die Seun van God" (vs 13). Die trekpleister na 'n gemeente is sy lidmate. Die gemeente word ook opgebou waar gewone lidmate die liefde van Christus begin uitleef na mekaar toe.
- So GROEI ONS NA CHRISTUS TOE EN WORD ONS MEER EN MEER SOOS HY. Kerkwees begin by Christus wat genadegawes uitdeel. Die ampsdraers se leiding en die lidmate se betrokkenheid moet ons weer by Christus uitbring. Groei na Christus toe kan net geskied in LIEFDE en in WAARHEID.

Waar hierdie groeiproses in werking is, groei 'n gemeente na volwassenheid. Wat kan mooier wees as 'n volwasse gemeente wat as Christus se bruidskerk sy heerlijkheid en skoonheid uitstraal in hulle liefde en diens aan mekaar?

Sing: Psalm 92-1:6

Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)